

25 Julie

Johannes 9:35-41; NGB 37

Ons eerste oordeel: Geoordeel oor Christus

Jesus sê in Johannes 9-39 aan die Fariseërs: *Ek het na hierdie wêreld gekom om alle mense voor 'n oordeel, 'n beslissing te plaas....*

Die wat in Jesus Christus glo soos hierdie blindgeborene van Johannes 9 gaan oor in die ewige lewe. Hulle ontvang die ewige lewe reeds nou. Hier op aarde gaan hulle reeds oor uit die dood na die ewigheid. Hulle toekoms is ook tot in ewigheid reeds seker. Niemand sal hulle ooit uit die hand van Christus kan ruk nie. Die wat blind was, maar geopende oë ontvang het om hulle Verlosser te sien, hulle sal hul Verlosser vir ewig sien en altyd by Hom bly.

So sê Johannes uitdruklik: *Ons wat glo is reeds geoordeel, ons het reeds oorgegaan uit die dood in die lewe!* (Joh. 5:24-29; 1 Joh. 3:14)

Daarom is ons ook nie bang vir die groot oordeelsdag wat kom nie. Ons is nie bang vir die hel met sy vlamme en pyn nie, want ons is klaar geoordeel en het reeds die ewige lewe. Oor ons verklaar die Vader reeds: **Kom, geseëndes van die Vader, my kind; kom, beërf die koninkryk van die hemele wat vir julle berei is van die begin van die wêreld af.**

Hulle is die skape wat in die oordeelsdag aan die regterhand van Christus sal staan en saam met Hom sal regeer tot in ewigheid. Dit alles omdat hulle hier op aarde reeds geoordeel is en as gelowiges bevind is.

MAAR dié wat Christus afwys, wegwys; die wat blind bly soos hulle blind gebore is; blind bly soos die Fariseërs wat hierdie jong gelowige uit die sinagoge geban het, bly in die dood. Vir hulle is die hel en sy pyn berei. Hulle verwerp die liefde van God. Smaad Christus. Kruisig Hom opnuut met elke verwerping. Hulle sal eenmaal aan die linkerhand van Christus staan. Die bokke. Hulle het die helse oordeel, die ewige verdoemenis oor hulleself gebring terwyl hulle hier op aarde was.

Dit is God se eerste en beslissende oordeel oor ons.

Dr. N.P. Heystek (Wapadrant)